# 4. KENMERKE VAN DIE BEVOLKING

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan die algemene bevolkingskenmerke van die studiegebied. Die kenmerke waarna verwys sal word,is die volgende: bevolkingsgetalle, bevolkingsverspreiding, etniese samestelling van die bevolking, geslagstruktuur, gesinsgrootte, ouderdomstruktuur en huistaal.

## 4.2 BEVOLKINGSGETALLE EN BEVOLKINGSVERSPREIDING

In die munisipale gebied van Vereeniging word tans 1105 kleinhoewes en 248 kleinplasies aangetref waarvan 750 kleinhoewes en 149 kleinplasies bewoon word.

In die studiegebied was daar ten tye van die bevolkingsensus in 1980, 3669 Blankes woonagtig, terwyl die munisipale gebied van Vereeniging 44 753 Blankes gehuisves het, waarvan 52,41 persent manlik en 47,59 persent vroulik was (Suid-Afrika Republiek, 1985:4). Die studiegebied het dus in 1980 8,2 persent van Vereeniging se Blanke bevolking gehuisves.

Volgens Mathey en Greef (Mondelinge meedeling, 1986) woon daar tans ongeveer 53 330 Blankes in Vereeniging, waarvan 3608 op die kleinhoewes woonagtig is. Ten tye van hierdie skrywe (1986) huisves die kleinhoewes en kleinplasies dus 6,8 persent van Vereeniging se totale bevolking. Uit bostaande gegewens blyk dit dus dat die Blanke kleinhoewebevolking met 61 persone toegeneem het van 1980 tot 1986, terwyl Vereeniging se totale Blanke bevolking oor dieselfde tydperk met 8577 persone toegeneem het.

Daar was in 1980 ook 'n Swartbevolking van 2869 woonagtig waarvan 52,53 persent mans en 47,47 persent vroue was. Daar was 'n klein Kleurlingbevolking van 59 wat bestaan het uit 61 persent mans en 39 persent vroue. Daar was

slegs 5 Asiate woonagtig, bestaande uit 2 mans (40 persent) en 3 vroue, naamlik 60 persent (Suid-Afrika Republiek, 1985:1-27). Ongelukkig is daar nie bevolkingsyfers van 1986 vir bogenoemde drie etniese groepe beskikbaar nie.

Die onderstaande tabel (tabel 4.1) toon die verspreiding van die Blanke bevolking in die verskillende kleinhoewe- en kleinplasiegebiede van die studiegebied.

TABEL 4.1 BLANKE BEVOLKINGSVERSPREIDING IN DIE STUDIEGEBIED

| KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEGEBIED | GETAL | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| Annaton | 22 | 0,60 |
| Dreamlands | 42 | 1,15 |
| Ebenhaezerpark | 16 | 0,44 |
| Glendonald | 259 | 7,06 |
| Harmoniesrus | 49 | 1,34 |
| Helenasrust | 153 | 4,17 |
| Houtkop | 304 | 8,29 |
| Klipplaatdrift | 1 | 0,02 |
| Lenteland | 50 | 1,36 |
| McKay | 89 | 2,42 |
| Risi | 77 | 2,10 |
| Roods Gardens | 318 | 8,67 |
| Steelview | 23 | 0,62 |
| Unitaspark | 2018 | 55,00 |
| Vandermerweskroon | 113 | 3,08 |
| Waterdal | 135 | 3,68 |
| Totaal | 3669 | 100 |

Bron: SUID-AFRIKA REPUBLIEK, 1985.

Die oppervlakte van die studiegebied is 4673,08 hektaar (Vereeniging-Munisipaliteit, 1985). Die gemiddelde bevolkingsdigtheid vir Blankes is 0,79 persone per hektaar. Die 0,79 persone per hektaar vergelyk goed met die bevolkingsdigtheid van ander kleinhoewegebiede, soos blyk uit die 0,37 Blankes per hektaar van die Mooibanknedersetting

en die 0,71 Blankes per hektaar van die Mooivallei en Vyfhoek-Noordkleinhoewes in die Potchefstroom-omgewing (Schmitt en Venter, 1982:17; Schmitt en Henning, 1983: 25).


Die geringe verskil in Blanke bevolkingsdigtheid tussen die studiegebied en die genoemde Potchefstroomkleinhoewes is moontlik die gevolg van die feit dat die Potchefstroom-kleinhoewes gemiddeld groter is in oppervlakte. Die kleinhoewes in Vereeniging se grootte wissel oor die algemeen tussen 2 en 3 hektaar (Vereeniging-Munisipaliteit, 1985).

Wat die totale bevolking van 6602 betref, is die bevolkingsdigtheid 1,4 persone per hektaar. Dit vergelyk goed met die bevolkingsdigtheid (totale bevolking) van 1,3 persone per hektaar van die Wilgeboomkleinhoewegebied by Potchefstroom (Nieuwoudt, 1985:38-39).

Volgens tabel 4.1 en figuur 4.1 blyk dit dat die twee oudste kleinhoewegebiede in die munisipale gebied van Vereeniging, naamlik Unitaspark (55,0 persent) en Roods Gardens (8,67 persent), die grootste Blanke bevolkings huisves. In altwee bogenoemde kleinhoewegebiede is weinig kleinhoewes sonder woonhuise, terwyl dit nie die geval is met die jonger kleinhoewegebiede nie. In die Unitasparken Roods Gardenskleinhoewegebiede is daar onderskeidelik 7 en 6 onbeboude kleinhoewes. Dit verteenwoordig 0,6 persent van die totale aantal kleinhoewes in die studiegebied (Vereeniging-Munisipaliteit, 1985).

Daar is reeds begin met beplanning om die Unitasparkkleinhoewes en die suidelike gedeelte van die Houtkopkleinplasies onder te verdeel in kleiner eenhede wat die gebied se bevolkingsdigtheid baie sal verhoog. In hoofstuk sewe word meer breedvoerig hierna verwys.

Ander kleinhoewegebiede wat 'n redelike groot persentasie van die kleinhoewebevolking huisves, is Glendonald (7,06 persent), Helenasrust (4,17 persent) en Waterdal (3,68 per-




FIGUUR 4.1 BEVOLKINGSVERSPREIDING IN DIE STUDIEGEBIED

BRON: Suid-Afrika, Republiek, 1985

sent). Die Ebenhaezerparkkleinhoewes (0,44 persent) en die Klipplaatdriftkleinplasies (0,02 persent) huisves die kleinste gedeeltes van die bevolking in die studiegebied (vergelyk tabel 4.1).

## 4.3 ETNIESE EN GESLAGSAMESTELLING VAN DIE BEVOLKING

Tabel 4.2 is 'n samevatting van die etniese en geslagsamestelling van die kleinhoewe- en kleinplasiegebiede van die studiegebied.

Om 'n duideliker beeld van die etniese samestelling te verkry, word elke kleinhoewe- en kleinplasiegebied afsonderlik bespreek.

### 1. Annaton

Uit tabel 4.2 blyk dit dat daar ewe veel Blankes en Swartes in Annaton woonagtig is. Slegs 2 Kleurlingmans (4,3 persent van die totale bevolking van Annaton) was in 1980 ten tye van die bevolkingsensus daar woonagtig. Geen Asiate word daar aangetref nie.

### 2. Dreamlands

Uit tabel 4.2 blyk dit dat daar 42 Blankes (42,9 persent), 48 Swartes (49,0 persent) en 8 Kleurlinge (8,1 persent) in die gebied woonagtig is. Geen Asiate woon in die gebied nie. Wat interessant is, is die verskynsel dat daar meer Blanke mans as vroue aangetref word asook die feit dat daar ewe veel mans en vroue by die Swartes en Kleurlinge aangetref word.

### 3. Ebenhaezerpark

In Ebenhaezerpark is slegs 16 Blankes (10 mans en 6 vroue) en 20 Swartes (10 mans en 10 vroue) woonagtig op die drie bewoonde kleinhoewes (tabel 4.2).

TABEL 4.2 ETNIESE EN GESLAGSAMESTELLING VAN DIE STUDIEGEBIED

| KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEGEBIED | BLANKES | | | | | SWARTES | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | % | V | % | Tot | M | % | V | % | Tot |
| Annaton | 9 | 40,9 | 13 | 59,1 | 22 | 11 | 50,0 | 11 | 50,0 | 22 |
| Dreamlands | 22 | 54,8 | 19 | 45,8 | 42 | 24 | 50,0 | 24 | 50,0 | 48 |
| Ebenhaezerpark | 10 | 62,5 | 6 | 37,5 | 16 | 10 | 50,0 | 10 | 50,0 | 20 |
| Glendonald | 132 | 51,0 | 127 | 49,0 | 259 | 136 | 54,6 | 113 | 45,4 | 249 |
| Harmoniesrus | 27 | 55,1 | 22 | 44,9 | 49 | 25 | 35,2 | 46 | 64,8 | 71 |
| Helenasrust | 86 | 56,2 | 67 | 43,8 | 153 | 51 | 49,0 | 53 | 51,0 | 104 |
| Houtkop | 158 | 52,0 | 146 | 48,0 | 304 | 563 | 50,9 | 544 | 49,1 | 1107 |
| Klipplaatdrift | 1 | 100,0 | - | - | 1 | - | - | - | - | - |
| Lenteland | 25 | 50,0 | 25 | 50,0 | 50 | 40 | 50,0 | 40 | 50,0 | 80 |
| McKay | 51 | 57,3 | 38 | 42,7 | 89 | 111 | 56,1 | 87 | 43,9 | 198 |
| Risi | 43 | 55,8 | 34 | 44,2 | 77 | 47 | 48,0 | 51 | 52,0 | 98 |
| Roods Gardens | 155 | 48,7 | 163 | 51,3 | 318 | 14 | 56,0 | 11 | 44,0 | 25 |
| Steelview | 8 | 34,8 | 15 | 65,2 | 23 | 40 | 60,6 | 26 | 39,4 | 66 |
| Unitaspark | 1072 | 53,1 | 946 | 46,9 | 2018 | 297 | 57,9 | 216 | 42,1 | 513 |
| Vandermerweskroon | 58 | 51,3 | 55 | 48,7 | 113 | 46 | 52,9 | 41 | 47,1 | 87 |
| Waterdal | 65 | 48,1 | 70 | 51,9 | 135 | 92 | 50,8 | 89 | 49,2 | 181 |
| Studiegebied | 1923 | 52,4 | 1746 | 47,6 | 3669 | 1507 | 52,5 | 1362 | 47,5 | 2869 |

Bron: SUID-AFRIKA REPUBLIEK, 1985:1-27.

\- beteken 0

M beteken manlik

V beteken vroulik.

| KLEURLINGE | | | | | ASIATE | | | | | TOTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| M | % | V | % | Tot | M | % | V | % | Tot | M | % | V | % | Tot |
| 2 | 100 | - | - | 2 | - | - | - | - | - | 22 | 47,8 | 24 | 52,2 | 46 |
| 4 | 50,0 | 4 | 50,0 | 8 | - | - | - | - | - | 51 | 52,0 | 47 | 48,0 | 98 |
| - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 20 | 55,6 | 16 | 44,4 | 36 |
| 3 | 60,0 | 2 | 40,0 | 5 | 1 | 100 | - | - | 1 | 272 | 52,9 | 242 | 47,1 | 514 |
| - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 52 | 43,3 | 68 | 56,7 | 120 |
| - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 137 | 53,3 | 120 | 46,7 | 257 |
| 10 | 58,8 | 7 | 41,2 | 17 | 1 | 25,0 | 3 | 75,0 | 4 | 732 | 51,1 | 700 | 48,9 | 1432 |
| - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100 | - | - | 1 |
| - | - | 1 | 100 | 1 | - | - | - | - | - | 65 | 49,6 | 66 | 50,4 | 131 |
| - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 162 | 56,4 | 125 | 43,6 | 287 |
| - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 90 | 51,4 | 85 | 48,6 | 175 |
| 2 | 66,7 | 1 | 33,3 | 3 | - | - | - | - | - | 171 | 49,4 | 175 | 50,6 | 346 |
| - | - | 1 | 100 | 1 | - | - | - | - | - | 48 | 53,3 | 42 | 46,7 | 90 |
| 8 | 72,7 | 3 | 27,3 | 11 | - | - | - | - | - | 1377 | 54,2 | 1165 | 45,8 | 2542 |
| 7 | 63,6 | 4 | 36,4 | 11 | - | - | - | - | - | 111 | 52,6 | 100 | 47,4 | 211 |
| - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 157 | 49,7 | 159 | 50,3 | 316 |
| 36 | 61,0 | 23 | 39,0 | 59 | 2 | 40,0 | 3 | 60,0 | 5 | 3468 | 52,5 | 3134 | 47,5 | 6602 |

4. Glendonald

Die Glendonaldkleinhoewes huisves die derde grootste bevolking, naas Unitaspark en Houtkop, van al die kleinhoewe- en kleinplasiegebiede in die studiegebied. Die Blankes is die grootste etniese groep (50,4 persent) en word gevolg deur die Swartes (48,4 persent), die Kleurlinge (1,0 persent) en die Asiate (0,2 persent).

5. Harmoniesrus

Die totale bevolking van die Harmonieruskleinhoewes is 120 persone, waarvan 49 (40,8 persent) Blankes en 71 (59,2 persent) Swartes is. Geen Kleurlinge of Asiate woon in Harmoniesrus nie (tabel 4.2).

6. Helenasrust

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die totale Blanke bevolking van die gebied 153 persone is, waarvan 86 (56,2 persent) mans en 67 (43,8 persent) vroue is. Die Swartes maak 40,5 persent van die totale bevolking uit. Slegs Blankes en Swartes is in die kleinhoewegebied woonagtig.

7. Houtkop

Die Blanke bevolking is 304 (21,2 persent van die totale bevolking) waarvan 158 (52,0 persent) manlik en 146 (48,0 persent) vroulik is. Die grootste enkele bevolkingsgroep is die Swartes, naamlik 77,3 persent van die totale bevolking. Die Swart bevolking bestaan uit 563 (50,9 persent) mans en 544 (49,1 persent) vroue. Tien Kleurlingmans en sewe Kleurlingvroue, asook een Indiërman en vier Indiërvroue is in die gebied woonagtig. Die Kleurlinge en die Indiërs vorm onderskeidelik 1,2 persent en 0,3 persent van die totale bevolking van die Houtkopgebied (tabel 4.2).

8. Klipplaatdrift

Ten tye van die bevolkingsensus in 1980 was hier slegs een Blanke man woonagtig (Suid-Afrika Republiek, 1985:2).

9. Lenteland

Die Blankes vorm 38,2 persent, die Swartes 61,6 persent en die Kleurlinge 0,7 persent van die totale bevolking. Opvallend is dat daar by sowel die Blankes as die Swartes ewe veel mans en vroue is (tabel 4.2).

10. McKay Estates

Die Blankes vorm ongeveer 'n derde (31,0 persent) en die Swartes twee derdes (69,0 persent) van die totale bevolking. 'n Moontlike verklaring vir bogenoemde etniese verspreiding is die groot aantal Swart arbeiders wat op die intensief bewerkte kleinplasies langs die Kliprivier benodig word. By sowel die Blankes as die Swartes is daar meer mans as vroue (tabel 4.2).

11. Risikleinplasies

Slegs Blankes en Swartes is in hierdie gebied woonagtig. Ongeveer 44 persent van die totale bevolking is Blankes waarvan 43 (55,8 persent) mans en 34 (44,2 persent) vroue is, terwyl 56 persent van die bevolking Swartes is (tabel 4.2).

12. Roods Gardens

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die Blankes (91,9 persent) die grootste enkele etniese groep is. Die Blanke bevolkingsgroep word onderverdeel in 155 (48,7 persent) mans en 163 (51,3 persent) vroue. Die Swart bevolking is baie klein en verteenwoordig slegs 7,2 persent van die totale bevolking. 'n Moontlike rede vir die besondere klein Swart bevolking is die nabygeleë Sharpeville en die hoof busroete tussen Sebokeng en Vereeniging wat veroorsaak dat die

Swart arbeiders die gebied op 'n daaglikse basis besoek. Die Kleurlinge verteenwoordig slegs 0,9 persent van die totale bevolking van Roods Gardens.

13. Steelview

Volgens tabel 4.2 word 'n samestelling van Blankes (25,6 persent), Swartes (73,3 persent) en Kleurlinge (1,0 persent) in die Steelviewkleinhoewes aangetref. Ten tye van die bevolkingsensus in 1980 was daar geen Asiate in die gebied woonagtig nie. Tydens die navorsing is egter bevind dat 'n Indiërgesin in die Blanke kleinhoewegebied woon. Die kleinhoewe waar die Indiërs woonagtig is, het 'n redelik geïsoleerde ligging. Dit blyk dat die eienaar dit moeilik vind om huurders te bekom en dit eerder aan Indiërs verhuur as om dit te laat leegstaan. Uit die navorsing blyk dit dat die rede waarom die Indiërs die kleinhoewe huur die ligging langs die Indiërdorp, Roshnee, is, asook die grootte van die woonhuis wat die ouers in staat stel om by hulle kinders in te woon.

14. Unitaspark

Volgens tabel 4.2 is die totale bevolking van Unitaspark 2542, waarvan die Blankes 79,4 persent, die Swartes 20,2 persent en die Kleurlinge 0,4 persent verteenwoordig. Geen Asiate is in Unitaspark woonagtig nie. Die Unitasparkkleinhoewes stem in 'n mate met die Roods Gardenskleinhoewes ooreen in die opsig dat Swartes die gebied as daaglikse pendelaars besoek, vanweë die feit dat dit aan die dorp grens.

'n Verdere opvallende kenmerk wat uit tabel 4.2 na vore kom, is dat al drie die etniese groepe uit meer mans as vroue bestaan.

15. Vandermerweskroon

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die Blankes die grootste bevolkingsgroep is, naamlik 113 (53,6 persent), waarvan 51,3

persent en 48,7 persent onderskeidelik manlik en vroulik is. In die kleinhoewegebied is ook 87 Swartmense (41,2 persent) en 11 Kleurlinge (5,2 persent) woonagtig.

16. Waterdal

Die totale bevolking van Waterdal is 316 en word slegs deur Blankes (42,7 persent) en Swartes (57,3 persent) verteenwoordig.

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die Unitasparkkleinhoewegebied die grootste bevolking gehuisves het in 1980, naamlik 2542 (38,5 persent van die totale bevolking van die studiegebied), terwyl die Hotkopgebied 'n bevolking van 1432 (21,7 persent van die totale bevolking) gehuisves het. Die kleinste bevolking, is by die Klipplaatdriftkleinplasies aangetref, naamlik een Blanke man.

Tydens die bevolkingsensus in 1980 is bevind dat slegs sewe van die kleinhoewe- en kleinplasiegebiede Kleurlinge gehuisves het, terwyl Asiate in slegs 2 van die gebiede aangetref is. Al die kleinhoewe- en kleinplasiegebiede huisves Blankes en Swartes (Suid-Afrika Republiek, 1985: 1-27).

## 4.4 GESINSGROOTTE

Tabel 4,3 is 'n uiteensetting van die getal lede per gesin per kleinhoewe. Vir die doeleindes van die studie word enkelpersone woonagtig in 'n huis op 'n kleinhoewe ook as 'n gesin beskou. Dit blyk uit die navorsing dat die gemiddelde grootte van die Blanke gesinne op die kleinhoewes in die studiegebied 4 persone is.

Uit tabel 4.3 blyk dit dat 20,6 persent van alle gesinne woonagtig in die studiegebied uit een of twee persone bestaan. Slegs 2,3 persent van al die gesinne bestaan uit net een persoon. Uit die navorisng blyk dit dat die enkelwonende respondente hoofsaaklik weduwees is wat vroeër saam met hulle mans op dieselfde kleinhoewe gewoon het.

TABEL 4.3 GEMIDDELDE GETAL GESINSLEDE PER KLEINHOEWE

| KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEGEBIED | AANTAL LEDE PER GESIN (PERSENTASIE) | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9+ |
| Annaton | - | 40,0 | - | 60,0 | - | - | - | - | - |
| Dreamlands | - | 14,3 | 19,0 | 47,6 | 9,5 | 4,8 | 4,8 | - | - |
| Ebenhaezerpark | - | 66,7 | 33,3 | - | - | - | - | - | - |
| Glendonald | - | 15,9 | 23,2 | 27,5 | 24,7 | 7,3 | 1,4 | - | - |
| Harmoniesrus | - | 16,8 | 8,3 | 33,3 | 8,3 | 33,3 | - | - | - |
| Helenasrust | 4,0 | 20,0 | 8,0 | 28,0 | 24,0 | 12,0 | 4,0 | - | - |
| Houtkop | - | 22,7 | 18,2 | 29,6 | 15,9 | 9,1 | 4,5 | - | - |
| Klipplaatdrift | - | 100 | - | - | - | - | - | - | - |
| Lenteland | - | 30,7 | 23,1 | 23,1 | 7,7 | 15,4 | - | - | - |
| McKay | 4,0 | 24,0 | 16,0 | 36,0 | 8,0 | 8,0 | 4,0 | - | - |
| Risi | - | 16,7 | 38,8 | 33,3 | - | 5,6 | 5,6 | - | - |
| Roods Gardens | 11,1 | 22,2 | 25,0 | 19,5 | 13,9 | 8,3 | - | - | - |
| Steelview | - | 33,3 | 16,7 | 33,3 | 16,7 | - | - | - | - |
| Unitaspark | 1,2 | 12,5 | 9,4 | 26,9 | 25,0 | 11,3 | 10,0 | 2,5 | 1,2 |
| Vandermerweskroon | 5,0 | 20,0 | 20,0 | 20,0 | 15,0 | 10,0 | 5,0 | - | 5,0 |
| Waterdal | 7,1 | 17,9 | 17,9 | 28,6 | 14,3 | 10,7 | - | 3,5 | - |
| Studiegebied | 2,3 | 18,3 | 16,4 | 28,3 | 18,3 | 9,9 | 4,9 | 1,0 | 0,6 |

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

Slegs in ses van die kleinhoewe- en kleinplasiegebiede, naamlik: Helenasrust, McKay Estates, Roods Gardens, Unitaspark, Vandermerweskroon en Waterdal, word enkelwonendes per kleinhoewe aangetref.

Die kleiner gesinne is oorwegend pensioenarisse, weduwees, wewenaars of ouer getroude pare waarvan die kinders reeds die huis verlaat het. Uit die navorsing blyk dit dat die vernaamste rede waarom ouer mense op kleinhoewes woon die feit is dat hulle die kleinhoewe beskou as 'n aftreeplekkie. Bogenoemde tendens het veral baie duidelik na vore gekom by die McKay Estates-, Roods Gardens- en Unitasparkkleinhoewes. Die genoemde kleinhoewegebiede is relatief naby die stedelike gebied en dus baie gerieflik ten opsigte van stedelike funksies en dienste.

'n Verdere opvallende verskynsel wat tydens die navorsing na vore gekom het, is dat die groter gesinne, dit wil sê 6 persone en meer, hoofsaaklik in die Unitasparkkleinhoewes woonagtig is (vergelyk tabel 4.3). Slegs in Vandermerweskroon word ook 'n enkele gesin aangetref wat uit meer as nege gesinslede bestaan.

Die kleiner kleinhoewegebiede soos Annaton, Ebenhaezerpark en Klipplaatdrift huisves gesinne wat hoogstens uit 4 lede bestaan. Verder blyk dit dat daar oor die algemeen 'n redelike mate van ooreenstemming in die verdeling van gesinsgrootte in die verskillende kleinhoewegebiede is (vergelyk tabel 4.3).

Volgens Tomlinson et al., (1957:63) was die gemiddelde grootte per gesin 4,25 persone in die bestudeerde gebied, waarvan Vereeniging deel uitgemaak het. Die ander bestudeerde gebiede was Pretoria, die Witwatersrand, Bloemfontein en Wes-Kaapland. Ten tye van die ondersoek was die gemiddelde gesinsgrootte vir die res van Suid-Afrika 3,61 persone per gesin (Tomlinson et al., 1957:63). Volgens Mullins (1979:176) is die gemiddelde gesinsgrootte van die Bloemfonteinse kleinhoewes 3,72 in vergelyking met Tomlinson se bevinding van 4,92 lede per gesin (1957:63).

Volgens Tomlinson (1957:63) was die gemiddelde gesinsgrootte in die Vereeniginggebied 4,25 persone, terwyl navorsing 'n gemiddeld van 4 persone per gesin aantoon, wat dus 'n vermindering van 0,25 persone per gesin oor 'n tydperk van byna 30 jaar aantoon.

## 4.5 GESLAG- EN OUDERDOMSTRUKTUUR

Tabel 4.4, die bevolkingspiramide (figuur 4.2) en die verdeelsirkel (figuur 4.3) toon die ouderdomsamestelling en die geslagstruktuur van die Blanke bevolking in die studiegebied aan.


Volgens die Bevolkingsensus (Suid-Afrika Republiek, 1985: 1-4) was 52,4 persent van die Blanke bevolking mans en 47,6 persent vroue. Uit die navorsing blyk dit dat die verhouding tussen die manlike en vroulike inwoners tans byna dieselfde is. Die manlike inwoners verteenwoordig naamlik 50,9 persent van die totale bevolking en die vroulike inwoners 49,1 persent. Moontlike verklarings vir bogenoemde verskil in die verhouding van mans tot vroue kan die 6 jaar verskil tussen die sensus en hierdie navorsing wees, sowel as die feit dat hierdie navorsing slegs 54,8 persent van die bewoonde kleinhoewegebiede ingesluit het.

Seuns in die ouderdomsgroep van 0 tot 20 jaar verteenwoordig 45,2 persent van die manlike bevolking en 23,0 persent van die totale Blanke bevolking. Die dogters van dieselfde ouderdomsgroep maak 42 persent van die vroulike bevolking en 20,7 persent van die totale Blanke bevolking uit. Bogenoemde verdeling kan duidelik waargeneem word in tabel 4.5.

TABEL 4.4 OUDERDOMSAMESTELLING EN GESLAGSTRUKTUUR VAN BLANKES IN DIE STUDIEGEBIED


| GESLAG | OUDERDOM IN JARE | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0-5 | 6-10 | 11-15 | 16-20 | 21-25 | 26-30 | 31-35 | 36-40 | 41-45 | 46-50 | 51-55 | 56-60 | 61-65 | 65+ | Tot |
| Manlik | 3,5 | 5,6 | 8,7 | 5,2 | 2,0 | 1,6 | 3,0 | 4,2 | 4,6 | 4,2 | 3,1 | 1,7 | 1,3 | 2,2 | 50,9 |
| Vroulik | 3,3 | 4,6 | 7,6 | 5,2 | 1,7 | 2,8 | 3,6 | 4,7 | 4,3 | 3,8 | 2,1 | 1,8 | 1,1 | 2,5 | 49,1 |
| Totaal | 6,8 | 10,2 | 16,3 | 10,4 | 3,7 | 4,4 | 6,6 | 8,9 | 8,9 | 8,0 | 5,2 | 3,5 | 2,4 | 4,7 | 100 |

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.




FIGUUR 4.2 BEVOLKINGSPIRAMIDE

BRON: Suid-Afrika, Republiek, 1985




FIGUUR 4.3 PROPORSIONELE VERDELING VAN DIE BLANKE BEVOLKING IN DIE STUDIEGEBIED

BRON: Vraelysopname, 1986

TABEL 4.5 OUDERDOMSAMESTELLING VAN BLANKES IN DIE STUDIEGEBIED

| OUDERDOM IN JARE | MANLIK (%) | VROULIK (%) |
|---|---|---|
| 0 - 5 | 6,8 | 6,7 |
| 6 - 10 | 11,0 | 9,4 |
| 11 - 15 | 17,1 | 15,4 |
| 16 - 20 | 10,3 | 10,5 |
| 21 - 25 | 3,9 | 3,5 |
| 26 - 30 | 3,2 | 5,7 |
| 31 - 35 | 5,9 | 7,4 |
| 36 - 40 | 8,3 | 9,6 |
| 41 - 45 | 9,2 | 8,8 |
| 46 - 50 | 8,2 | 7,7 |
| 51 - 55 | 6,1 | 4,3 |
| 56 - 60 | 3,3 | 3,8 |
| 61 - 65 | 2,5 | 2,2 |
| 65 en ouer | 4,2 | 5,0 |
| Totaal | 100,0 | 100,0 |

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

'n Interessante verskynsel wat uit die navorsing na vore gekom het, is die relatief groot aantal persone ouer as 65 jaar. In die ouderdomsgroep is daar 'n geringe getal meer vroulike as manlike inwoners (vergelyk tabel 4.5 en figuur 4.2). Die vroue in die ouderdomsgroep maak naamlik 2,5 persent van die totale Blanke bevolking uit in vergelyking met die mans se 2,2 persent.

Slegs in die ouderdomsgroep van 16 tot 20 jaar is die manlike en vroulike bevolkingsgroepe presies ewe groot.

Opsommenderwys kan die ouderdomstruktuur van die Blankes vir die studiegebied soos volg uiteengesit word:

Mans:

1. die manlike persone tussen 0 en 20 jaar verteenwoordig 45 persent van die manlike bevolking (23 persent van die totale bevolking);

2. mans tussen 21 en 30 jaar verteenwoordig 7,1 persent van die manlike bevolking (3,6 persent van die totale bevolking);

3. mans tussen 31 en 55 jaar verteenwoordig 37,8 persent van die manlike bevolking (19,2 persent van die totale bevolking);

4. mans ouer as 56 jaar verteenwoordig 10 persent van die manlike bevolking (5,2 persent van die totale bevolking);

5. mans bo 60 jaar (vroeë aftree ouderdom) verteenwoordig slegs 3,5 persent van die totale bevolking en 6,7 persent van die manlike bevolking terwyl mans bo 65 jaar (laat aftree ouderdom) slegs 2,2 persent van die totale bevolking en 4,2 persent van die manlike bevolking uitmaak.

Vroue:

1. die vroulike persone tussen 0 en 20 jaar verteenwoordig 42,0 persent van die vroulike bevolking (20,7 persent van die totale bevolking);

2. vroue tussen 21 en 30 jaar verteenwoordig 9,3 persent van die vroulike bevolking (4,6 persent van die totale bevolking). Die bevolkingsgetalle vir die vroue in hierdie ouderdomsgroep is aansienlik groter as dié van die mans;

3. vroue tussen 31 en 55 jaar verteenwoordig 37,8 persent van die vroulike bevolking (18,6 persent van die totale bevolking);

4. vroue ouer as 65 jaar verteenwoordig 10,9 persent van die vroulike bevolking (5,4 persent van die totale bevolking). Die vroue ouer as 56 jaar is meer as die mans in dieselfde ouderdomsgroep.

5. vroue bo 60 jaar (aftree ouderdom verteenwoordig 3,6 persent van die totale bevolking en 7,2 persent van die vroulike bevolking, terwyl vroue bo 65 jaar 2,5 persent van die totale bevolking en 5 persent van die vroulike bevolking uitmaak. Hierdie persentasies stem baie ooreen met dié in die manlike bevolking van dieselfde ouderdomsgroepe.

Uit tabel 4.4 en figuur 4.2 blyk dit dat die studiegebied 'n relatief jeugdige bevolking het met 51,8 persent van die bevolking jonger as 30 jaar.

Die grootste enkele ouderdomsgroep wat in die studiegebied woonagtig is, is die ouderdomsgroep tussen 11 en 15 jaar, by sowel die manlike as die vroulike geslag.

Na aanleiding van paragraaf 4.4, wat aantoon dat die gesinsgrootte min verklein het in byna 30 jaar, sal verwag word dat die bevolkingspiramide (figuur 4.2) 'n breë basis sal hê. Die bevolkingspiramide wyk egter van hierdie patroon af in soverre dit die kinders jonger as 10 jaar betref. Die seuns en dogters jonger as 5 jaar verteenwoordig slegs 6,8 persent van die totale bevolking, terwyl die seuns en dogters tussen 6 en 10 jaar 10,2 persent van die totale bevolking verteenwoordig. Teenoor dit staan die 16,3 persent van die ouderdomsgroep tussen 11 en 15 jaar. Bogenoemde dui op 'n afname in die aantal geboortes die afgelope 10 jaar.

Om 'n duideliker beeld van die geslagstruktuur en ouderdomsamestelling van die Blanke bevolking in die studiegebied te verkry, word elke kleinhoewe- en kleinplasiegebied afsonderlik behandel. In die tabelle word aangetoon watter persentasie elke ouderdomsgroep (mans en vroue afsonderlik) van die totale bevolking van die hoewegebied

uitmaak, sowel as die verhouding tussen mans en vroue in elke ouderdomsgroep.

## 1. Annaton

Tabel 4.6 is 'n uiteensetting van die geslagstruktuur en ouderdomsamestelling van die Blanke bevolking van die Annatonkleinhoewes.

TABEL 4.6 GESLAGSTRUKTUUR EN OUDERDOMSAMESTELLING VAN ANNATON

| OUDERDOMS-GROEP (JARE) | MANLIK | | | VROULIK | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GETAL | % VAN BEVOLKING | % VAN OUDERDOMSGROEP | GETAL | % VAN BEVOLKING | % VAN OUDERDOMSGROEP | GETAL |
| 0 - 1 | 0 | 0,0 | 0,0 | 1 | 4,54 | 100,0 | 1 |
| 1 - 4 | 0 | 0,0 | 0,0 | 2 | 9,10 | 100,0 | 2 |
| 5 - 9 | 0 | 0,0 | 0,0 | 2 | 9,10 | 100,0 | 2 |
| 10 - 14 | 1 | 4,54 | 25,0 | 3 | 13,64 | 75,0 | 4 |
| 15 - 19 | 2 | 9,10 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0,0 | 2 |
| 20 - 24 | 0 | 0,0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0,0 | 0 |
| 25 - 34 | 3 | 13,64 | 50,0 | 3 | 13,64 | 50,0 | 6 |
| 35 - 44 | 1 | 4,54 | 50,0 | 1 | 4,54 | 50,0 | 2 |
| 45 - 54 | 1 | 4,54 | 100,0 | 0 | 0,00 | 0,0 | 1 |
| 55 - 64 | 0 | 0,00 | 0,0 | 1 | 4,54 | 100,0 | 1 |
| 65 - 74 | 1 | 4,54 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0,0 | 1 |
| 75+ | 0 | 0,0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0,0 | 0 |
| Totaal | 9 | 40,90 | 40,9 | 13 | 59,10 | 59,1 | 22 |

Bron: SUID-AFRIKA REPUBLIEK, 1985:1.

Uit tabel 4.6 blyk dit dat daar 9 mans en 13 vroue in die kleinhoewegebied woonagtig is, waarvan 50 persent (3 mans en 8 vroue) onder die ouderdom van 20 jaar is. Die grootste enkele bevolkingsgroep, naamlik 6 persone (27,3 persent van die totale bevolking) is tussen 25 en 34 jaar oud. Slegs twee persone (9,1 persent van die totale bevolking) is ouer as 55 jaar. Daar is slegs 1 persoon (manlik) wat ressorteer onder die groep 65 jaar en ouer.

## 2. Dreamlands

Tabel 4.7 is 'n uiteensetting van die geslagstruktuur en ouderdomsamestelling van die Blanke bevolking van die Dreamlandskleinhoewes.

TABEL 4.7 GESLAGSTRUKTUUR EN OUDERDOMSAMESTELLING VAN DREAMLANDS

| OUDERDOMS-GROEP (JARE) | MANLIK | | | VROULIK | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GETAL | % VAN BEVOLKING | % VAN OUDERDOMSGROEP | GETAL | % VAN BEVOLKING | % VAN OUDERDOMSGROEP | GETAL |
| 0 - 1 | 0 | 0,0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0,0 | 0 |
| 1 - 4 | 4 | 9,53 | 80,0 | 1 | 2,38 | 20,0 | 5 |
| 5 - 9 | 2 | 4,76 | 66,7 | 1 | 2,38 | 33,3 | 3 |
| 10 - 14 | 1 | 2,38 | 33,3 | 2 | 4,76 | 66,7 | 3 |
| 15 - 19 | 1 | 2,38 | 33,3 | 2 | 4,76 | 66,7 | 3 |
| 20 - 24 | 1 | 2,38 | 50,0 | 1 | 2,38 | 50,0 | 2 |
| 25 - 34 | 4 | 9,53 | 57,1 | 3 | 7,14 | 42,9 | 7 |
| 35 - 44 | 4 | 9,53 | 50,0 | 4 | 9,53 | 50,0 | 8 |
| 45 - 54 | 3 | 7,14 | 60,0 | 2 | 4,76 | 40,0 | 5 |
| 55 - 64 | 1 | 2,38 | 50,0 | 1 | 2,38 | 50,0 | 2 |
| 65 - 74 | 2 | 4,76 | 50,0 | 2 | 4,76 | 50,0 | 4 |
| 75+ | 0 | 0,0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0,0 | 0 |
| Totaal | 23 | 54,77 | 54,4 | 19 | 45,23 | 45,6 | 42 |

Bron: SUID-AFRIKA REPUBLIEK, 1985:1.

Uit tabel 4.7 blyk dit dat 33,3 persent van die bevolking (14 persone) jonger is as 20 jaar, terwyl 22 persone (52,4 persent van die totale bevolking) tussen 20 en 55 jaar en slegs 6 persone (14,3 persent van die totale bevolking) ouer as 55 jaar is. Vier persone (9,52 persent) is 65 jaar en ouer. Verder blyk dit 54,4 persent van die totale bevolking manlik en 45,6 persent vroulik is. Geen persone jonger as 1 jaar en ouer as 75 jaar was in 1980 in die kleinhoewegebied woonagtig nie.

3. Ebenhaezerpark

Tabel 4.8 is 'n uiteensetting van die geslagstruktuur en ouderdomsamestelling van die Blanke bevolking van die Ebenhaezerparkkleinhoewes.

TABEL 4.8 GESLAGSTRUKTUUR EN OUDERDOMSAMESTELLING VAN EBENHAEZERPARK

| OUDERDOMS-GROEP (JARE) | MANLIK | | | VROULIK | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GETAL | % VAN BEVOLKING | % VAN OUDERDOMSGROEP | GETAL | % VAN BEVOLKING | % VAN OUDERDOMSGROEP | GETAL |
| 0 - 1 | 0 | 0,0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0,0 | 0 |
| 1 - 4 | 3 | 18,75 | 75,0 | 1 | 6,25 | 25,0 | 4 |
| 5 - 9 | 0 | 0.0 | 0,0 | 0 | 0,00 | 0,0 | 0 |
| 10 - 14 | 0 | 0,0 | 0.0 | 1 | 6,25 | 100,0 | 1 |
| 15 - 19 | 0 | 0.0 | 0.0 | 0 | 0,0 | 0,0 | 0 |
| 20 - 24 | 2 | 12,50 | 66,7 | 1 | 6,25 | 33,3 | 3 |
| 25 - 34 | 1 | 6.25 | 100.0 | 0 | 0,0 | 0,0 | 1 |
| 35 - 44 | 1 | 6,25 | 50,0 | 1 | 6.25 | 50.0 | 2 |
| 45 - 54 | 0 | 0,0 | 0,0 | 1 | 6,25 | 100,0 | 1 |
| 55 - 64 | 2 | 12.50 | 100.0 | 0 | 0,0 | 0.0 | 2 |
| 65 - 74 | 1 | 6.25 | 100,0 | 0 | 0.0 | 0,0 | 1 |
| 75+ | 0 | 0.0 | 0,0 | 1 | 6,25 | 100,0 | 1 |
| Totaal | 10 | 62,50 | 62,5 | 6 | 37,5 | 37,5 | 16 |

Bron: SUID-AFRIKA REPUBLIEK, 1985:1.

Die bevolking van Ebenhaezerpark is baie beperk. Dit blyk uit tabel 4.8 dat 25 persent van die Blanke bevolking tussen 1 en 4 jaar oud is, terwyl 25 persent van die inwoners ouer as 55 jaar is. Slegs 2 persone (1 manlik en 1 vroulik) is 65 jaar en ouer. Die meeste van die inwoners, naamlik 62,5 persent is manlik en slegs 37,5 persent is vroulik. Die klein bevolking van hierdie kleinhoewegebied is grootliks vir bogenoemde verdeling verantwoordelik.

4. Glendonald

Tabel 4.9 is 'n uiteensetting van die geslagstruktuur en ouderdomsamestelling van die Blanke bevolking van die Glendonaldkleinhoewes.

TABEL 4.9 GESLAGSTRUKTUUR EN OUDERDOMSAMESTELLING VAN GLENDONALD

| OUDERDOMS-GROEP (JARE) | MANLIK | | | VROULIK | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GETAL | % VAN BEVOLKING | % VAN OUDERDOMSGROEP | GETAL | % VAN BEVOLKING | % VAN OUDERDOMSGROEP | GETAL |
| 0 - 1 | 2 | 0,77 | 66,7 | 1 | 0,39 | 33,3 | 3 |
